

# eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 6 No 4 Julie 2012  
Personeelblad van die NWU



**Dekaan van  
Gesondheid  
groet**

**Kameraadskap  
seëvier by  
Comrades**

**Manne  
van yster  
wys hul staal**

# INHOUDSOPGAWE

- 2 Wanneer wérk 'n webwerf?
- 3 Boodskap van die visekanselier  
Eish! saam vertel ons één verhaal
- 4 Kundiges vir hul welsprekendheid bekroon
- 6 NWU-atlete oorwin Comrades
- 8 Nuwe ingenieurskompleks beïndruk
- 9 Kampusnuus: Mafikeng
- 10 Kampusnuus: Potchefstroom
- 11 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 12 Prof praat reguit en kyk fyn
- 14 Hierdie twee is manne van yster
- 16 NWU-kundiges kén hul storie
- 17 Nuwe leerstoel wil hartvatsiektes klop
- 18 Fokus op ... burokrasie by die NWU
- 19 DO IT!-werkswinkels laat mense saampraat oor transformasie
- 20 En die wenners is...
- 21 Mense wat myle stap
- 22 Prof Marlene groet  
Personeel ontvang bestuurskwalifikasies
- 23 NWU-joernalis aangewys as topsportskrywer



**Voorblad:** Mnr Kaizer Phakathi van Posdienste op die Potchefstroomkampus durf Cowies Hill aan gedurende die 2012-Comrades-marathon. (Berig op p6)

**Foto:** Pheny Mokgothu, Bemaking en Kommunikasie, Mafikengkampus.

## Wanneer wérk 'n webwerf?

Die NWU is in die middel van 'n inisiatief om sy webwerf in 'n bruikbare, goed-geskrewe hulpmiddel te omskep.

In die volgende paar uitgawes van Eish! gaan ons enkele van die brokkies inligting waarop ons afgekom het tydens ons navorsing, met julle deel.

As jy 'n goeie webwerf wil bou, is dit eerstens nodig om te weet wat die eienskappe van 'n goeie webwerf is. Volgens Michael Stalker van CrossCom-blog is die antwoord eenvoudig: goeie inhoud, goeie ontwerp en goeie inligtingsargitektuur.

Daar is 'n oorvloed inligting op die internet beskikbaar en mens moet dikwels deur hope ondergemiddelde webwerwe sif om by werwe uit te kom wat werklik uitstaan en betroubaar is. Hierdie webwerwe het gewoonlik bogenoemde drie dinge in gemeen.

So wat bedoel ons met goeie inhoud? In kort beteken dit goed geskrewe, oorspronklike inhoud wat uniek is aan die betrokke webwerf en wat besoekers en gebruikers relevant en interessant sal vind.

'n Skoon ontwerp maak dit maklik om inligting op te spoor én maak dit 'n plesier om die webwerf te besoek. Dit gaan hand aan hand met die inligtingsargitektuur, wat te doen het met die rangskikking van die inhoud op die webwerf.

Hierdie is natuurlik nie die enigste kenmerke van 'n goeie webwerf nie, maar dit is 'n goeie plek om te begin as jy jou eie webwerf wil verbeter.

In die volgende uitgawe van Eish! gaan ons onder meer na die NWU-webwerfwoordeskate kyk. As jy wil weet presies wat woorde soos inligtingsargitektuur, inhoudstrategie en blog beteken, moet jy hierdie ruimte dophou.

**Redaksionele span:** Nelia Engelbrecht en Marelize Santana, Louis Jacobs, Pheny Mokgothu, Bertie Jacobs, Johan van Zyl, Kiewiet Scheffel, Ronel Beukes van Zyl, Annette Willemse, Elmarie Cronje. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Platinum Press. **Fotografie:** Maclez Studios, Nelia Engelbrecht, Pheny Mokgothu, Kiewiet Scheffel, Annette Willemse, Ronel Röscher. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Korporatiewe Sake en Verhoudinge-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die *Eish!* in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.

## BOODSKAP VAN DIE VISEKANSIELIER

### *Beste kollegas*

2012 is op nasionale vlak ingelui deur die gebeure by die Universiteit van Johannesburg toe 'n voornemende eerstejaarstudent se ma haar lewe verloor het in die stormloop toe studente op die laaste nippertjie nog plek by die universiteit probeer kry het.

Intussen het die Minister vir Hoër Onderwys en Opleiding vier Suid-Afrikaanse universiteite onder administrasie geplaas (Universiteit van Zululand, Tshwane Universiteit van Tegnologie, Walter Sisulu Universiteit en die Sentrale Univer-



siteit van Tegnologie) en 'n assessor aangestel om die Vaal Universiteit van Tegnologie te ondersoek. By die NWU het die eerste semester egter baie stof tot dankbaarheid ingehou.

- Die nuweling-eerstejaarsinskrywings het met meer as 10% toegeneem: van 7 550 (2011) tot 8 349 (2012). Terwyl die getal eerstejaars aan die Potchefstroomkampus min of meer stabiel gebly het, het dit met meer as 13% aan die Mafikengkampus gestyg en met meer as 40% aan die Vaaldriehoekkampus.
- Die getal studente het in 2012 tot meer as 62 000 gestyg. Wat koppelstelling betref, is die NWU nou die derdegrootste universiteit in Suid-Afrika.
- Studentesport het groot hoogtes bereik: Ons is almal baie trots op die volgehoue atletiekprestasie van Sunette Viljoen – die houër van die studentewêreldtitel vir spiesgooi. Ook is die groterwordende teenwoordigheid en prestasie van allerlei NWU-sportspanne oor al drie kampusse in die *Universiteitsport Suid-Afrika*-omgewing bewys daarvan dat die belegging in goeie sportfasiliteite vrugte afwerp.
- Ek het reeds in die vorige *Eish!* gepraat van die volgehoue verbetering in prestasie

in die sleutelprestasieareas soos dit in die 2011-Jaarverslag weerspieël word. Hiervan was die navorsingsuitsette dalk vir my die groot hoogtepunt van dié semester.

- Ons het ook goeie vordering gemaak met die monitering van die transformasieproses. Die werksessies wat oor al drie kampusse oor aktuele onderwerpe gefasiliteer word, die sigbaarheid van transformasie op agendas en ook die aanvaarding van die Transformasiehandves deur die Senaat wys dat die NWU bereid is om in die spieël te bly kyk.

Baie uitdagings lê in die tweede helfte van die jaar voor. Dit is nou die tyd om internasionalisering op vaste baan te plaas; die personeelkomplementprojek moet gefinaliseer word en die anti-burokrasie-inisiatief moet nou prakties toegepas word. Intussen mag die HOKR-proses nie momentum verloor nie en moet die fokus bly op die werwing, behoud en deurvloei van meesters- en doktorale studente.

Baie dankie aan elke personeellid by die NWU. Julle toewyding, harde werk en entoesiasme is aansteeklik. Baie sterkte vir die nuwe semester!

Groete

*Jhans Claas*

## Eish! saam vertel ons één verhaal

Die Saterdagmiddag net voor die Comrades keer 'n Engelse vrou die NWU-ondersteunerspan voor by die deur van die Durbanse supermark waar ons die laaste proviand vir die volgende dag gaan koop.

Sy skud 'n blik vir een of ander liefdadigheidsorganisasie, maar toe sy hoor ons is van die NWU, glimlag sy breed. "Ek luister elke Saterdagoggend op RSG na prof Kobus van der Walt as hy die program, Omgewingspraatjie, aanbied," sê sy.

Nou toe nou, dink ons, die NWU se stem word tot in die verre KwaZulu-Natal gehoor. Dit wys jou: ons woordvoerders se woorde is inderdaad goud werd.

Lees gerus op p4 hoe die prestasies van hierdie welsprekende kollegas vir hulle pryse in die sak gebring het, en op p10 hoe prof Kobus van der

Walt van die Potchefstroomkampus se radiooptrede aan hom 'n ATKV-toekenning besorg het. Ja, op die ou end vertel al dié stemme een storie: dié van die NWU, sy kundigheid en sy mense.

In hierdie uitgawe van *Eish!* stel ons 'n bobaas-storieverteller aan die woord – mnr Bertie Jacobs van Bemaking en Kommunikasie op die Potchefstroomkampus. (Lees op p23 meer oor dié bekroonde skrywer.)

In sy brief op p7 vertel Bertie die storie van NWU-kollegas wat ware kamerade word langs die Comrades-roete en in die Comrades-artikel self deel 'n paar van die NWU-atlete hul ervarings – almal stories van ondersteuning, volharding en hoop.

Sit jy al hierdie stories bymekaar, skryf jy die groot verhaal van die NWU – 'n plek waar



drome waar word en jou voete vlerke kry om met sukses die Comrades-roetes van die lewe aan te pak.

Lekker lees,

*Marelize & Nelia*

# Kundiges vir hul welsprekendheid bekroon

**N**WU-kundiges wat gereeld in die media aangehaal word, het gesorg dat die universiteit meer as R170 miljoen se gratis publisiteit in 2011 gekry het.

Hoewel dit die derde jaar was dat die NWU erkenning aan sy mediawoordvoerders gegee het, was dit die eerste keer dat hulle formeel toekennings en pryse gekry het. Heel bo aan die lys van topwoordvoerders is prof André Duvenage, wat tydens 'n funksie op 25 April 2012 by die Institusionele Kantoor as mediawoordvoerder vir 2011 bekroon is.

Prof André is die direkteur van die navorsings-fokusarea Sosiale Transformasie en professor in Politieke Studies op die Potchefstroomkampus.

## PRYSGELD EN WISSELTROFEE

Met die 114 keer wat hy in die media aangehaal is, het hy meer as R3,3 miljoen vir die NWU in 2011 verdien. Dié prestasie het vir hom prysgeld van R20 000 en 'n wisseltrofee in die sak gebring. Net soos in die geval van al die ander wenners, is sy prysgeld in 'n persoonlike

ontwikkelingsfonds inbetaal vir gebruik soos voorgeskryf deur die NWU se Departement Finansies.

Kort op prof André se hakke is mnr Theo Venter, deelydse dosent en spesiale adviseur in die kantoor van die visekanselier. Theo se welsprekendheid het R6,3 miljoen se relatiewe advertensiewaarde vir die NWU beteken en as naaswenner het hy R15 000 ontvang.

Die derde algehele wenner is prof Tommy du Plessis, die direkteur van die Potchefstroom Besigheidskool, wat R1,8 miljoen se gratis publisiteit vir die NWU verseker het, en prysgeld van R10 000 ontvang het.

## KATEGORIEWENNERS

Behalwe die drie algehele wenners, is daar ook wenners in verskillende media-kategorieë aangewys, wat elk R5 000 ontvang het:

- Gedrukte media: prof Tommy du Plessis (76 keer aangehaal, advertensiewaarde van R1,4 miljoen).
- Uitsaaimedia: mnr Theo Venter (60 keer

aangehaal, advertensiewaarde van R6,1 miljoen).

- Aanlyn-media: prof Frank Winde, vakvoorsitter van Geografie en hoof van die Mynwater-navorsingsgroep op die Vaaldriehoekskampus (35 keer aangehaal, advertensiewaarde van R800 000).

Die doel van die toekennings is om die akademici en navorsers van die NWU aan te moedig om hul kundigheid met die publiek te deel.

Newsclip, die maatskappy wat die NWU se blootstelling in die media monitor, identifiseer die wenners op grond van die aantal kere wat hulle in die media aangehaal word.

Aangesien die advertensiekoste van die verskillende media van mekaar verskil, word die relatiewe advertensiewaarde wat mediawoordvoerders vir die NWU verdien, nie as maatstaf gebruik wanneer die wenners aangewys word nie.

## GOEIE EN SLEGTE NUUS

Media-monitoring het gewys dat daar in 2011 heelwat meer gunstige dekking van die NWU was as ongunstige dekking.

Van die 7 730 media-items wat ontleed is, was 5 037 in die gedrukte media, 1 054 in die uitsaaimedia en 1 639 in die aanlynmedia.

Die meeste van die gunstige dekking gaan oor die NWU se planne om 'n Velodrome (binnenshuise fietsrybaan) op die Potchefstroomkampus te bou en oor die nuus dat die universiteit vir die vyfde jaar agtermekaar deur PricewaterhouseCoopers aangewys is as bes bestuurde universiteit in Suid-Afrika.

Die meeste negatiewe publisiteit was oor 'n voorval by die Veritas-manskoshuis op die Potchefstroomkampus, waar twee senior lede van die huiskomitee bedank het ná probleme rondom die hantering van eerstejaarstudente tydens oriëntering.

Hoewel sportprestasies baie positiewe dekking meegebring het, het 'n paar neerlae op die sportveld ook tot negatiewe dekking gelei.

## So hanteer 'n mens die media

Tydens die prysuitdelingsfunksie by die Institusionele Kantoor het die bekende joernalis en radio- en TV-persoonlikheid, mnr Jeremy Maggs, as gasspreker opgetree.

Hy het die interaksie met die media as 'n 'bloedsport' bestempel en het die volgende raad vir akademici wat met die media gesels:

- Besluit vooraf wat die drie belangrikste punte is wat jy in jou boodskap wil oordra.
- Maak seker julle kom tydens die gesprek so gou moontlik by jou gebied van kundigheid uit.
- Laat geld jouself – moenie jou laat boelie nie; jy het die reg om gehoor te word.
- Luister vir leidrade wat daarop dui dat die onderhoud einde se kant toe staan, en gebruik die laaste sekondes om jou boodskap vir oulaas te beklemtoon.
- Jou troefkaart is jou kundigheid – die kennis wat jy het, plaas jou in 'n sterk posisie.
- Maak seker jou gehoor weet jy is die kundige op jou gebied, die persoon na wie hulle kan gaan vir meer inligting.
- Onthou die mens-faktor in jou boodskap – gebruik voorbeelde, sorg dat daar menslikheid, warmte en empatie is in dit wat jy sê en die manier waarop jy dit sê.
- Wees versigtig vir nie-amptelike ('off the record') opmerkings – alles wat jy sê, kan gebruik word.
- 'Geen kommentaar' veronderstel skuld – jy moet altyd 'n antwoord hê.

## Lede van topbestuur stel 'n goeie voorbeeld

Dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU en prof Herman van Schalkwyk, die rektor van die Potchefstroomkampus, stel beslis 'n besondere voorbeeld aan ander NWU-woordvoerders.

Dié welsprekende lede van die Institusionele Bestuur is tydens die toekenningsgeleentheid in April vereer vir die 347 keer wat hulle

twee gesamentlik in die media aangehaal is in 2011.

Dié blootstelling het nie minder nie as R8,3 miljoen se gratis publiseiteit vir die NWU beteken.

Omdat hul kommunikasie met verskillende belanghebbendes, waaronder die media, outomaties voortspruit uit hul posisies as top-

bestuurslede van die NWU, kom hulle egter nie in aanmerking vir die toekennings wat gemaak is nie.

Dieselfde geld ook vir NWU-kommunikasiepraktisyns op die kampusse en by die Institusionele Kantoor wat op grond van hul posisies as mediawoordvoerders met die media kommunikeer.



Hul woorde is goud werd: Agter van links is prof Frank Winde van die Vaaldriehoekskampus (wenner: aanlynmedia), dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU, en prof Tommy du Plessis van die Potchefstroomkampus (wenner: gedrukte media en derde algeheel). Voor is van links mnr Theo Venter van die Institusionele Kantoor en Potchefstroomkampus (wenner: uitsaaimedia en tweede algeheel), prof André Duvenage van die Potchefstroomkampus (algehele wenner) en mnr Jeremy Maggs, die gasspreker van die aand.

# NWU-atlete

**N**adat hulle elke greintjie uithouermoë ingespan het, kon 15 atlete wat op een of ander manier by die NWU betrokke is, sê: "Ek het die 2012-Comrades-marathon voltooi."

Om hierdie dapper atlete by te staan, het die NWU se ondersteuningspan vanjaar weer drinkgoed, energiemiddels, spierdoepa, pleisters en baie aanmoediging gereed gehad by hul stalletjie aan die voet van Cowies Hill.

Die 15 atlete het almal die eindpunt voor die afsnytyd gehaal, met mnr Jaco Barnard wat

die vermoeiende 89 km die vinnigste voltooi het. Sy tyd was 'n skrale 07:23:37. (Die ander atlete se name en tye word in die tekskassie aangedui.)

## DURBAN SE KANT TOE

Die atlete het vanjaar die afdraande-roete, wat die energie-tappende Botha's Hill-afdraande insluit, aangedurf.

Dit is bekend dat dié roete van Pietermaritzburg tot in Durban met sy vele heuwelhange ongenaakbaar is vir die atlete vanweë die stres wat die afdraandes op hul bene plaas.



*Koele lafenis: Mnr Louis Jacobs, die direkteur van Korporatiewe Kommunikasie by die Institusionele Kantoor, sorg dat me Rika Huyser van Biologiese Wetenskappe op die Mafikengkampus iets te drinke kry. Van die drie vroue-atlete van die NWU wat die Comrades voltooi het, het sy die beste tyd aangeteken.*

Fields Hill, sowat 10 km vanaf Hillcrest, bied 'n uitmergelende drie km afwaartse uitdaging en in Drummond, by die halfpadmerk, is nog 'n skerp afdraande wat deelnemers tot die uiterste beproef.

## SO ONTHOU HULLE

Mnr Kaizer Phakathi van Posdienste op die Potchefstroomkampus sê die ergste oomblikke van die Comrades was vir hom die laaste 10 km wat hy ná 'n kniebesering moes stap. Die lekkerste was die eerste helfte van die roete, toe sy energievлакke nog hoog was en by sommige van die topatlete kon byhou.

Vir mnr Werner Coetzee van Regsdienste by die Institusionele Kantoor, is die Comrades beslis psigies en fisies die taaiste ding wat 'n mens kan doen.

"Om aan die grootste ultra-marathon in die wêreld te kon deelneem en dit binne die



*Soete weersiens: Mnr Werner Coetzee (links) en mnr James Botha, albei van Regsdienste by die Institusionele Kantoor, kom by die NWU-ondersteuners se stalletjie aan. James het vanjaar ná twaalf jaar weer die Comrades aangedurf, en hy sê hy kon voel die jare het hul tol geëis. "Dit was beslis destyds makliker as hierdie keer."*

# oorwin Comrades

afsnityd te kon voltooi, is regtig baie spesiaal," sê hy. "Vir my om dit met 'n geskeurde knie-ligament te kon voltooi, maak dit nog meer spesiaal."

Werner sê die ondersteuning van die duisende toeskouers langs die pad en die kameraderie van mede-atlete is eenvoudig onbeskryflik.

Mnr Henro Erasmus, van die Skool vir Rekeningkunde op die Potchefstroomkampus, sê so 25 km van die eindpunt het hy begin krampe kry en lighoofdig raak. Die grootste beproewing was egter Cowies Hill, ongeveer 18 km van die eindpunt af.

"Ek het vir myself gesê ek moet dit net tot by die 10 km merk maak, want van daar af kan ek loop en die eindpunt nog steeds betyds haal." Hy glo dit was die ondersteuning van die toeskouers wat hom uiteindelik oor die eindstreep gekry het.



*Vinnige feite: Me Annette Willemse (regs) van Bemaking en Kommunikasie op die Vaaldriehoekskampus hou die lesers van die universiteit se Facebook-bladsy op hoogte van die NWU-atlete se vordering. By haar is me Kiewiet Scheppel van Bemaking en Kommunikasie op die Potchefstroomkampus.*

## AS DIE GOGGA JOU BYT

Dit moet sékerlik 'n gogga wees wat jou byt om jaar na jaar weer te hardloop. So sê me Rika Huyser van Biologiese Wetenskappe op die Mafikengkampus.

"My 'een keer op en een keer af hardloop' het verander in 'n paar keer af en 'n op. En as ek geseënd bly, sal ek graag volgende jaar weer die 'op' gaan aandurf.

"Die toeskouers se ondersteuning is ongelooflik. Met bekende slagspreuke soos 'hou bene hou' en 'amper daar' word jy aangepor.

"Partykeer giggel jy sommer wanneer jy van die sêgoed hoor, want dit is in daardie stadium net makliker om te lag as om te huil," sê sy.

## Aanhouer wen!

Ons Comrades-atlete het gewys dat daar waarheid steek in die spreekwoord 'aanhouer wen'. Hulle het die volgende tye behaal:

Jaco Barnard	07:23:37
Ockie de Kock	07:26:56
Willie Lubbe	07:38:56
Rika Huyser	08:57:13
Cliff Wallace	09:14:05
Kaizer Phakathi	09:23:19
Henro Erasmus	09:59:47
Fanie Swanepoel	10:51:18
Hilde Kemp	11:24:24
Stefan Pienaar	11:24:25
Koos Degenaar	11:33:08
Erichia Nel	11:46:45
Ettiene Pretorius	11:46:46
Werner Coetzee	11:48:06
James Botha	11:51:37

*Was dit nie vir 'n geskeurde kuitspier wat hy tydens die marathon opgedoen het nie, sou mnr Paul Harmse hom ook in bogenoemde groep bevind het.*



*Vreemde voete: Mnr Koos Degenaar, die direkteur van Bemaking en Kommunikasie op die Mafikengkampus glo hierdie vreemde skoelwerk vir hom die beste om die Comrades mee kof te draf. Koos het vanjaar sy veertiende Comrades voltooi.*

# Nuwe ingenieurskompleks beïndruk

Die ultramoderne ingenieurskompleks wat onlangs amptelik geopen is op die Potchefstroomkampus, gaan bydra om die getal ingenieurs wat by die NWU opgelei word, binne die volgende paar jaar te verdubbel.

Prof Jan de Kock, die waarnemende dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese het tydens die openingseremonie op 12 Junie 2012 gesê net 2 000 ingenieurstudente gradueer tans jaarliks in Suid-Afrika, terwyl sowat 25 000 nodig is as die land ekonomies mededingend wil wees. "Die behoefte aan ingenieurstudies bly toeneem en daarom moes ons 'n nuwe, groter fasiliteit bou."

Die fakulteit se ideaal om die aantal ingenieurs wat die NWU lewer binne die volgende paar jaar te verdubbel, spruit voort uit die nypende tekort aan ingenieurs in Suid-Afrika, en die besef dat die opleiding van ingenieurs tot werkskepping en welvaartskepping lei.

Me Brenda Swart van die nasionale departement van hoër onderwys het gesê dis vir haar departement 'n prioriteit om meer gegradueerde ingenieurs in Suid-Afrika te hê omdat die tekort aan ingenieurs 'n drastiese invloed op infrastruktuurskepping het. "In Suid-Afrika bedien elke ingenieur sowat 3 000 mense – ons het dus heeltemal te min ingenieurs."

## DIE GROOTSTE OOI

Volgens die NWU se hoofdirekteur van Fisiese Infrastruktuur en Beplanning, mnr Louis

van der Ryst, is dié R106 miljoen-projek die grootste wat die Potchefstroomkampus nóg aangepak het.

Die gebou is 18 000 m<sup>2</sup> groot, en kan 1 200 studente huisves. Die ses lesinglokale kan na behoefte vergroot en verklein word en is so ontwerp dat vurkysers tot binne-in die lokale kan beweeg om toerusting af te laai.

Die kompleks bestaan uit laboratoriums, werkwinkels en meer as 70 kantore. Die dekaan van die fakulteit, Chemiese- en Minerale-ingenieurswese, asook Elektriese- en Elektroniese- en Rekenaaringenieurswese word hier gehuisves.

Slegs Meganiese Ingenieurswese bly in hul huidige gebou elders op die kampus aan. Die nuwe gebou is ontwerp om projekgedrewe en probleemgebaseerde onderrig moontlik te maak en dosente kan die nuutste leerstrategieë toepas omdat die ondersteunende tegnologie in die gebou beskikbaar is.

"Dit is vir ons 'n voorreg om een van die modernste ingenieursopleidingskomplekse in die land te kon bou. Dit is 'n duidelike bewys van die NWU se innovasie en volgehoue verbintenis tot topkwaliteit- tersiêre onderrig," sê prof Herman van Schalkwyk, rektor van die NWU-Potchefstroomkampus.

## So reg na moeder natuur se hart

Die splinternuwe ingenieurskompleks is omgewingsvriendelik en so gebou dat die binnekant baie natuurlike lig kry.

Reën wat in 'n dam opgevang word, word gebruik om die gras en plante nat te lei.

Prof Piet Stoker van die Fakulteit Ingenieurswese se Sentrum vir Navorsing en Voortgesette Ingenieurontwikkeling in Vanderbijlpark, was betrokke by die beplanning van die tuine en omgewing.

Hy sê hulle het probeer om 'n natuurlike omgewing te skep, daarom is alle bome, grassoorte en ander plante inheems en aangepas by die uiterste klimaat van Potchefstroom.

"Hierdie natuurlike tuin lok talle voëls en velddiertjies. Daar is byvoorbeeld 'n meerkatfamilie wat gereeld 'inloer' by die kantore op die grondvlak."

Die voëls vreet graag die saad van die inheemse grassoorte en die dam lok interessante voëls soos Hamerkoppe, Rooipootelsies en Bontkiewiete.

"Die eindresultaat is 'n rustige en natuurlike omgewing waarbinne ons produktiewe en innoverende navorsing kan doen," sê prof Piet.

Gaan kyk gerus op [www.naturelandscaping.biz](http://www.naturelandscaping.biz) na die fotogalery. Klik op "portfolio" en dan op "corporate projects". Die storie van die ontwikkeling van die tuine word daar vertel.



In sy volle glorie: Die splinternuwe, ultramoderne ingenieurskompleks is op die kant van die Potchefstroomkampus, langs die botaniese tuin, geleë.





*Misdaadbestryding: As deel van 'n poging om misdaad in die Mafikengdistrik in bedwang te bring, oorhandig prof Dan Kgwadi, kampusrektor (regs), 'n memorandum van klagtes aan die Speaker van die Wetgewer, mnr Supra Mahumapelo (links).*

## Kampus hou optog teen misdaad

Personeel en studente het onlangs aan 'n misdaadbewusmakingsoptog deelgeneem.

Die optog het by die hoofingang van die kampus begin en van daar af na die Provinsiale Wetgewer toe beweeg, waar 'n memorandum van klagtes oor kriminele aktiwiteite in die distrik oorhandig is.

Die kampusrektor, prof Dan Kgwadi, het die memorandum aan die Speaker van die Wetgewer, mnr Supra Mahumapelo, en die LUR vir Onderwys, me Louisa Mabe, oorhandig.

Die eskalering van kriminele aktiwiteite soos aanranding en roof in die Mafikengdistrik het aanleiding gegee tot 'n reeks oorlegplegingsgeleenthede tussen die owerhede en belanghebbendes. Die universiteit het ook 'n navorsingsprojek aangepak oor die impak van misdaad in die distrik.

As deel van die poging om die misdaadprobleem die hoof te bied, is 'n vennootskap tussen die Mafikengkampus en die Noordwes Provinsiale Regering tot stand gebring. Ander vennote sluit in die Noordwes Maatskaplike Sekerheidskluster bestaande uit die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die Departement Openbare Veiligheid en Skakeling.

"Die universiteit het hard gewerk om 'n veilige omgewing op kampus tot stand te bring, maar dit het tyd geword om ons veiligheidsmaatreëls ook uit te brei na buite – daar waar die meeste van ons studente immers bly," sê prof Dan.

## Navorsingsamewerking bevoordeel kampus én provinsie

Die relevansie van navorsing en innovasie vir die Noordwesprovinsie is bespreek tydens 'n onlangse werkswinkel op die Mafikengkampus.

Die werkswinkel is aangebied deur die Skool vir Omgewings- en Gesondheidswetenskappe en was daarop gemik om bande te smee tussen die universiteit en die provinsiale regering ten einde navorsingsaktiwiteite te bevorder waarby gemeenskappe sal baat vind.

Aanbiedings oor die belangrikheid van navorsing om die regering se dienslewering te help

bespoedig is opgevolg deur 'n besprekingsessie wat deur prof Efe Useh van die Departement Verpleegkunde gefasiliteer is. Die deelnemers was dit eens dat interaksie tussen die universiteit se navorsers en die regering 'n bydrae sal lewer tot die ontwikkeling van die provinsie.

"Ons wil ook van hierdie platform gebruik maak om die kwessie van interdisiplinêre navorsing onder mense se aandag te bring asook om die feit te benadruk dat alle dissiplines iewers bymekaarkom," het prof Efe gesê.

## Mafikengkampus vier Afrikadag

Op 25 Mei 2012 het die kampus saam met die res van die wêreld Afrikadag gevier. Die program is deur die universiteit se Kultuurunie aangebied, en die program het 'n reeks kultuuraktiwiteite soos musiek, poësie, koorsang en tradisionele en moderne dans ingesluit.

Afrikadag word reg rondom die wêreld gevier om hulde te bring aan Afrika-diversiteit en -sukses en om die kulturele en ekonomiese potensiaal van die Afrika-vasteland in die kollig te stel. Vanjaar se tema was "Afrikadag: verlede, hede en toekoms".

Die program het op 24 Mei afgeskop met die Afrikadag-pretstap vanaf die universiteit se hoofingang tot by die studentesentrum, waar

prof Dan Kgwadi, die kampusrektor, die verrigtinge amptelik geopen het.

Studente, personeel en lede van die gemeenskap is gewys hoe 'n bees op die unieke Afrika-metode afgeslag word, gevolg deur 'n toespraak deur me Tebogo Modise, die Noordwesprovinsie se LUR vir Sport, Kuns en Kultuur.

Senior burgers het ook praatjies gelewer oor verskeie Afrikakulture, terwyl die Kultuurunie, die Fifth Groove-poësieklub en die universiteitskoor deur middel van sang- en dansitems uiting gegee het aan die uniekheid en die essensiële van Afrika Borwa (Suid-Afrika). Dit het ingesluit die ritmes en bewegings van die tsubu- en stape-danse, sowel as die gewilde pantsula- en sbojwa-danse.

*Vier dit met fanfare: studente, personeel en lede van die gemeenskap uitgedos in kulturele drag ter viering van Afrikadag.*



# Breinpakkie plaas navorsing onder die vergrootglas

Die twee gaan hand-aan-hand: navorsing is van kritiese belang vir beter onderrig-leer, en onderrig-leer is nodig om 'n beter navorsers te kan wees.

So sê prof M Pettifor van die Universiteit van die Witwatersrand se Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Hy het akademiëci en studente tydens die tweede Breinpakkie-navorsingsgesprek vir vanjaar toegesprek.

Prof Pettifor glo dat navorsing en onderrig-leer wedersyds versterkend moet wees. "Personeel moet betrokke wees by voorgraadse onderrig, om sodoende die belangstelling vir nagraadse navorsing reeds vroeg by studente te laat posvat."

'n Vol Senaatsaal het oudergewoonte gesmul aan die lekkernye in hul breinpakkies, wat deur die Ferdinand Postma Biblioteek geborg is. Tydens die Breinpakkie-navorsingsgesprek het vier navorsers van dié kampus die geleentheid

gehad om oor hul eie navorsingspaaie te gesels. Prof Hans de Ridder, prof Gerhard van Huysteen, prof Annemarie Kruger en me Anel du Plessis het 'n paar wyse wenke gegee.

Die Breinpakkie-gesprekke is die breinkind van prof Amanda Lourens, Viserektor: Navorsing en Beplanning en is bekendgestel in 2010. Die doel hiervan is om die navorsingskultuur te versterk en navorsers die geleentheid te gee om hul ervaring met kollegas en nagraadse studente te deel.



'n Gesonde keuse: Prof Grieta Hanekom, die skooldirekteur van Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe, verteenwoordig HESA op die Professionele Raad vir Dieetkunde en Voedingkunde.

# ATKV vereer akademikus vir sy omgewingspraatjies

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) het prof Kobus van der Walt van die Fakulteit Natuurwetenskappe vereer vir sy bydrae tot omgewingsake.

Prof Kobus is die aanbieder van RSG se "Omgewingspraatjie" wat wekeliks uitgesaai word. Hy is professor in Natuurwetenskap- en Tegnologie-Filosofie en 'n bekende akademikus wat spesialiseer in Omgewingsfilosofie, Hidrologie, Opvanggebiedbestuur en Omgewingsbestuur.

Prof Kobus was aangenaam verras deur die ATKV-toekenning wat hy in Mei ontvang het.

"Ek het vroeër jare altyd met groot belangstelling na RSG se wekelijkse "Omgewingspraatjie" geluister, min wetende dat ek nog by prof Tertius Harmse as aanbieder sou oorneem."

Hy sê hy het 'n verantwoordelikheid om mense bewus te maak van ons invloed op die omgewing.

"Deur klein aanpassings kan almal steeds 'n kwaliteit lewe hê sonder om die omgewing in die proses te verwoes."

Prof Kobus het sy dank uitgespreek teenoor RSG, sy kollegas by die NWU, en die "omgewingsvriende"-luisteraars. "Sonder die luisteraars se vrae sou "Omgewingspraatjie" baie minder interessant gewees het."

*Omgewingsbewus: Prof Kobus van der Walt (links) ontvang sy toekenning van mnr Japie Gouws, besturende direkteur van die ATKV.*



# Verteenwoordiger van HESA nou in ons midde

Prof Grieta Hanekom het baie hooi op haar vure. Die nuutste uitdaging vir prof Grieta, direkteur van die Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe, is om 'n oog te hou oor die kwaliteitskontrole van voeding- en dieetprogramme regoor die land.

Sy pak nou die bul by die horings nadat die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding, dr Blade Nzimande, haar aangewys het om as verteenwoordiger van Hoër Onderwys Suid-Afrika (Higher Education South Africa: HESA) op die Professionele Raad vir Dieetkunde en Voedingkunde te dien.

Prof Grieta sal voortaan verantwoordelik wees vir die kwaliteitskontrole van voeding- en dieetprogramme regoor Suid-Afrika. Sy sal ook beroepsraadbesluite oor onderrig-leer aan tersiêre instansies kommunikeer.

"Dit is vir my 'n groot eer en ek is dankbaar dat my kundigheid raakgesien word. Dit gaan ook vir my baie aangenaam wees om hierdie inligting en kennis te kan deel met kollegas en terug te kan ploeg in die skool en die fakulteit," sê sy.

Storie: Leandi Ferreira



Me Sasha Westcott sal onthou word vir haar onblusbare lewenslus. Hier is sy waar sy deelneem aan die oriënteringsprogram vir eerstejaars.

## Kampus neem afskeid van studenteleier

26 April gaan voortaan as 'Sasha-dag' bekendstaan op die jaarkalender van die Vaaldriehoek-kampus. Mnr Jacob Simango, die direkteur van Studentesake, het hierdie aankondiging gemaak by 'n emosiebelaaide gedenkdiens vir wyle me Sasha Westcott – 'n studenteleier wat ná 'n lang siekte oorlede is.

Die gedenkdiens was 'n inisiatief van die Akasia-dameskoshuis se huiskomitee, waarvan Sasha ook 'n lid was. Verskeie lede van die kampusgemeenskap het hulde gebring aan Sasha.

Sasha het aan rumatoïede artritis gely. Sy en haar elektriese rolstoel was 'n bekende gesig op die kampus. Sy het in 2011 ingeskryf as student in die Fakulteit Geesteswetenskappe en

heelhartig aan die eerstejaars se oriënteringsprogram deelgeneem – dermate dat sy in 2012 onbestrede as HK-lid verkies is.

In haar toespraak het die huismoeder van Akasia, me Karin Venter, vir Sasha beskryf as 'n "sonstraaltjie" en 'n rolmodel vir alle studente.

Die voorsitter van die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR), mnr Tadashi Sabalele, het Sasha ook geloof vir haar bereidheid om as studente-ambassadeur te dien en sodoende 'n enorme bydrae tot 'n dinamiese studentekultuur te lewer. Hy het afgesluit deur 'n uitdaging tot studente te rig om in haar voetspore te volg en uit te styg bo hulle omstandighede – ongeag wat dit mag wees – en voluit te lewe.

## Optentia verwelkom twee buitengewone professors

Die Optentia-navorsingsprogram het onlangs twee buitengewone professors in hulle midde verwelkom en sodoende hul reputasie as navorsingsentiteit verder uitgebou. Die twee professors, prof Sesh Paruk en prof Hans de Witte, het elk 'n spesiale lesing aan voor- en nagraadse studente, lede van die navorsingsgemeenskap en kampusbestuur gelewer.

In haar lesing getiteld *"Be the change you want to see"* het prof Sesh die rol van sosiaal-wetenskaplikes in toekomsvorming verduidelik. Prof Sesh is tans die Suid-Afrikaanse Parlement se bestuurshoof vir Mensehulpbronne. Sy het haar PhD in Sielkunde aan die Universiteit van Fort Hare behaal en is geregistreer as kliniese en beradingsielkundige by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika, as 'n geoktrooieerde sielkundige in die Verenigde Koninkryk

en as 'n Meester-MH-praktisyn by die Suid-Afrikaanse Raad vir Personeelpraktyk. Sy dien ook op die Parlement se Bestuursraad.

Prof Hans se lesing, *"Learning from job insecurity research from overseas,"* het 'n oorsig gebied oor onlangse navorsingsbevindinge en gefokus op maniere om werksonsekerheid te verminder. Hy is 'n professor verbonde aan die Departement Sielkunde van die Katholieke Universiteit Leuven en doseer Werk- en Organisasiesielkunde. Hy het 'n meestersgraad in Sielkunde en 'n PhD in Werk- en Organisasiesielkunde.

Die missie van die Optentia-navorsingsprogram is om kennis te ontwikkel en te organiseer vir die optimale uitdrukking van individuele, maatskaplike en institusionele potensiaal, met spesifieke verwysing na die Afrikavasteland.

## Ma en dogter vang saam-saam graad

Die ou sêding dat die appel nie ver van die boom af val nie is weereens bewys tydens die onlangse herfsgradeplegtigheid. Vir dr Stef Esterhuizen en haar dogter, me Sumari Esterhuizen, sal die herfsgradeplegtigheid altyd herinneringe oproep van die dag toe hulle die verhoog gedeel het as graduandi.

Dr Stef het haar doktorsgraad in Opvoedingswetenskappe ontvang, met spesialisasie in onderrig-leer, en haar dogter het 'n honneursgraad in Ekonomie ontvang. Dr Stef is 'n dosent in die Skool vir Opvoedingswetenskap en Sumari is 'n onderwyseres by Driehoek Hoërskool.

Dr Stef het ook in 2011 die beste gevaar in die uitdagende ITOU-proses. Vir hierdie prestasie het sy op 2 Maart 2012 die Visekanselierprestigetoekenning by 'n galageleentheid in Potchefstroom ontvang.

Dr Stef se loopbaan strek al oor 27 jaar. Sy is 'n groot voorstander van die filosofie van lewenslange leer en sy beskou haar doktorsgraad as dié hoogtepunt van haar loopbaan tot op hede. Sy en Sumari deel hulle passie vir onderrig met die res van die gesin. Dr Stef se man, Johan, is 'n departementshoof by 'n hoërskool in Vaalpark, en haar pa, broer en suster is ook almal in die onderwysberoep.



Ma en dogter: Dr Stef Esterhuizen (regs) en haar oudste dogter, Sumari, tydens die onlangse gradeplegtigheid.

# Prof praat reguit en kyk fyn

*In die voortgaande reeks oor NWU-dekane gesels Eish! hierdie keer met prof PA (Petrus Albertus) Botha, die dekaan van die Fakulteit Menslike en Sosiale Wetenskappe op die Mafikengkampus. Ons het hom uitgevra oor mense, sy loopbaan en sy fakulteit.*

**W**anneer prof PA Botha iets nie weet nie, vra of lees hy totdat hy weet. En wanneer hy die dag self uitgevra word, antwoord hy reguit, op die man af.

Vra jy hom byvoorbeeld wie die maklikste is om mee te werk – studente of volwassenes – antwoord hy sonder huiwering.

“Ek verkies studente, aangesien hulle geen pretensies het nie en groter waardering toon vir dit wat jy vir hulle doen.

“Volwassenes, veral party akademici, het nogal opgeblaaide ego’s en opinies oor alles. Een van my voormalige dosente het altyd gesê: *‘The fighting amongst academics is so fierce because the stakes are so low,’* wat nogal waar is,” sê hy.

## FOKUS OP POLITICI

Nog ’n vraag wat hy sonder skroom beantwoord, hou verband met politieke verteenwoordigers.

Op grond van sy vakgebied het hy deur die jare baie verteenwoordigers in munisipaliteite én in provinsiale wetgewers opgelei. Trouens, sy meestersgraad, wat hy in 1995 in Openbare Bestuur aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het, was as’t ware ’n vaardigheidshandleiding wat geskoei was op die verteenwoordigende rol van raadslede.

En as hy die deursnee politieke verteenwoordiger in SA moet evalueer, hoeveel persent sou hy hulle gee?

“So 30 persent,” antwoord hy eerlik. “Ek besef dis dalk ’n growwe veralgemening, maar meeste politici is daar vir hulle eie gewin en dra nie werklik die belange van hulle gemeenskappe op die hart nie. Daar word te veel onbevoegde mense aangestel op

grond van politieke loyaliteit eerder as kwalifikasies en vermoë.”

Voor 1994, sê hy, is die meeste raadslede uit die gemeenskap verkies op grond van hul vaardighede en kennis.

“Ná die totstandkoming van ons nuwe demokrasie is baie van hulle verkies sonder die nodige vaardighede en kennis, hoofsaaklik omdat hulle nie voorheen ervaring gehad het nie weens uitsluiting van politieke deelname.”

Prof PA Botha



## TREK OP DIE SOKKIES

Prof PA glo as raadslede hul werk goed wil doen, moet hulle onder meer goeie kommunikasie- en openbare skakelvaardighede hê. Verder moet hulle weet hoe om mense te beïnvloed, die media te hanteer, goeie leiers te wees en hoe om vraagstukke in die gemeenskap op te los.

Dit is vir hom ook belangrik dat politieke verteenwoordigers integriteit en hoë morele waardes het, diensbaar en eerlik is, en respek vir ander mense toon.

## WELSTANDSPROGRAMME WÉRK

Prof PA het sy doktorsgraad in Organisasiegedrag in 2007 aan die Universiteit van Pretoria behaal. Hy sê sy kennis hieroor help hom steeds om menslike gedrag te verstaan, te voorspel en in ’n sekere mate te beheer.

Die meeste van sy konferensie-aanbiedings en artikels deur die jare was oor die welstand van werknemers in organisasies – iets wat volgens hom baie belangrik is in ’n organisasie.

“Die meeste organisasies in die wêreld het welstandsprogramme, want navorsing het bewys dat gesonde werkers meer gelukkig en produktief is. Sulke werkers het byvoorbeeld ook ’n positiewe lewensuitkyk, meer lewensgenot en energie. Hulle kommunikeer

beter, kan stres beter hanteer, en werk met meer toewyding en geesdrif.”

Dit is egter nie net die organisasie se verantwoordelikheid om na die welstand van werknemers om te sien nie. Elkeen van ons moet ook ’n oog oor ons eie welstand hou.

#### DOEPA TEEN DIE DRUK

Deel van die “resep” om die druk van ons moderne lewe te hanteer, is om behoorlik om te sien na ons fisiese- en geestesgesondheid en ’n goeie balans tussen werk- en persoonlike lewe te handhaaf.

Maklik is dit egter nie. Hier is ’n paar wenke van prof PA: “Sien om na jou liggaam: sorg dat jy genoeg oefening kry en gesond eet. Koester ook jou verhoudinge: raak betrokke by jou gemeenskap en streef na emosionele intelligensie en ’n gesonde, vervullende seksuele verhouding.”

*“Ek dink meeste van ons ken die resep vir ’n gebalanseerde leefstyl, maar ongelukkig pas ons dit nie toe nie.”*

*-Prof PA Botha*

Naas die liggaamlike en verhoudinge, is spiritualiteit en die omgewing ook belangrik. “Wees spiritueel, leef jou waardes uit en leef in harmonie met jou omgewing,” sê hy.

#### BOLANDSE BERGE

So gepraat van omgewing – mis hy dan nie die Bolandse berge van sy grootwordplek, Caledon, nie? Inderdaad, antwoord hy, maar teen die tyd dat die verlange te groot raak, breek die gesin se jaarlikse vakansie op Vermont, naby Hermanus, gelukkig aan en kan hulle ’n draai in die Boland ook gaan maak.

Prof PA het darem nie die Bolandse berge sommer dadelik vir Mafikeng se vlaktes verruil nie.

Ná sy eerste akademiese pos by die Polisie Akademie in Graaff-Reinette, het hy ’n pos aanvaar by die voormalige Technikon Pretoria se Polokwane-kampus, waar hy vir 14 jaar akademiese bestuurder was en ook klasgegee het.

Daarna, op 1 Januarie 2010, het hy die dekaan van die Fakulteit Menslike en Sosiale Wetenskappe op die Mafikengkampus geword.



*Prof PA (heel links) is al 22 jaar getroud met Ann-Marie, sy “Karoo-blom van Laingsburg”. Ann-Marie gee klas in Kommunikasie by Taletso FTE Kollege in Lichtenburg. By hulle is hul seuns, Albert, 16, (heel regs) en Jacques, 13. Albert is ’n kranige rugbyspeler en Jacques ’n ywerige tennisspeler.*

#### UITDAGINGS EN GELEENTHEDE

“Vandag verruil ek nie sommer die stimulerende en uitdagende geleentheid wat die Mafikengkampus my bied nie.” Hy sê hy het groot waardering vir die positiewe energie en gees in sy fakulteit en ook vir die ondersteuning wat hy van sy kollegas, bestuurspan en kampusbestuur kry.

Van sy grootste uitdagings is om ’n kultuur van hoë prestasie in die fakulteit te skep en om toegewyde en hoog gekwalifiseerde personeel vir die fakulteit te werf en te behou.

Hy wil graag strukture daarstel om samewerking en navorsing tussen verskillende akademiese dissiplines aan te moedig. “Ek wil ook verseker dat alle programme finansiële lewensvatbaar en volhoubaar is,” sê hy.

#### ERG NUUSKIERIG

Die laaste vraag, oor wat mense nie eintlik van hom weet nie, beantwoord hy op sy gewone, eerlike manier: “Ek is eintlik ’n introvert wat ‘onnatuurlik’ nuuskierig is.”

Nuuskierig? Inderdaad, ja – as hy iets nie weet nie, mors hy nie tyd met tob en wonder nie. “Somtyds stel ek my vrou en kinders in ’n erge verleentheid omdat ek sommer vreemde-linge sal nader en begin uitvra,” sê hy met ’n glimlag.

Hy is ook ’n fyn waarnemer wat maklik afleidings uit ’n situasie en uit mense se lyftaal maak. “Ek stel opreg in mense se welsyn belang. As ek byvoorbeeld nuwe mense ontmoet,

weet ek gewoonlik, tot hul verbasing, baie meer van hulle as wat hulle van my weet.”

En nou, aan die einde van die onderhoud, weet ons ook wie prof PA is – ’n mens met reguit antwoorde, fyn waarneming en ’n onversadigbare nuuskierigheid.

## Ander interessantheide

**My gunstelingdis:** Pasta.

**My gunstelingboek:** *Bidsprinkaan* van André P Brink.

**My gunstelingfiek:** *The Shawshank Redemption*.

**My gunstelingdiere:** Ek was mal oor die twee Dobermans wat ek gehad het, omdat hulle so aktief en lojaal was.

**Dit laat my lag:** Ek probeer om die lewe nie te ernstig op te neem nie. My kinders maak my ontsettend trots en gelukkig.

My seun, Albert, is ’n sosiale dier en sy manewales en kwinkslae laat my baie lag.

**Stede wat ek reeds besoek het:**

Lissabon, Moskou, Taipei, Parys, Zürich en Sydney. Hoewel elke wêreldstad sy eie bekoring het, is Istanbul in Turkye vir my uitsonderlik as gevolg van sy trotse geskiedenis, kultuur en besienswaardighede.

**My lekkerste vakansie ooit:** ’n Toer deur Australië.

**Die avontuurlikste ding wat ek tot dusver gedoen het:** Ek het die Comrades gehardloop.

**Dit wil ek nog eendag doen:** Ek wil aan die Ysterman-kompetisie deelneem.

# Hierdie twee is manne

Wat kry jy as jy emmers vol sweet, sakke vol deursettingsvermoë en dalk 'n skeutjie of twee waagmoed kombineer? Die antwoord is 'n atleet met die waagmoed om die Ysterman-kompetisie aan te durf.

Mnr Boeta Pretorius en mnr Dawie Janse van Rensburg beskik definitief oor dié regte mengsel. Albei van hulle het hierdie jaar die Suid-Afrikaanse Ysterman-kompetisie op Sondag 22 April 2012 in Port Elizabeth suksesvol voltooi.

Vir Boeta, bestuurder van die afdeling Toepassing en Navorsingsondersteuning by Inligtingstechnologie-Sentraal in die Institusionele Kantoor, was hierdie jaar sy tweede Ysterman-ervaring.

Boeta is 'n kranige sportman en tweekamp-atleet en neem reeds sedert 1996 gereeld aan kortafstand-tweekampe en ook die Comrades deel. Die Ysterman-gogga het hom in 2010 gebyt en hy het die 2010-kompetisie suksesvol voltooi met 'n tyd van 12:23:31.

Dawie, 'n lektor in Wiskunde en Toegepaste Wiskunde op die Potchefstroomkampus, is ook 'n sportman van formaat en het al vele tweekamp- en Comrades-marathons agter die blad.

Tydens 2011 se Suid-Afrikaanse tweekampkampioenskappe het hy algeheel vyfde gekom en dan ook sy ouderdomskategorie gewen. Hy het ook die tiende plek verower tydens die 2011-Wêreld-tweekamp-kampioenskappe in Gijón, Spanje. Hy het hierdie jaar besluit om sy visier op die legendariese Ysterman-kompetisie te stel.

## YSTERMAN

Die heel eerste Ystermankompetisie het in 1978 in Amerika plaasgevind, en slegs 12 mans het die wenstreep oorgesteek. Ysterman Suid-Afrika is in 2005 vir die eerste keer aangebied, met 805 deelnemers.

Hierdie jaar het 1 744 deelnemers vir die Ysterman ingeskryf en 1 376 die kompetisie voltooi. Die Ysterman is 'n driekamp en bestaan uit drie bene – swem, fietsry en hardloop.

Die geleentheid skop gewoonlik om 07:00 die oggend by Hobie Beach in Port Elizabeth af met die swembeen, wat uit twee rondtes van 1,9 km elk bestaan. Hierna volg die fietsrybeen, wat uit drie rondtes met 'n totaal van 180,2 km bestaan. Laaste aan die beurt is die hardloopbeen – drie rondtes van 14,07 km elk. Die totale afstand wat afgelê word, is 226 km.

## DIE MOEILIKSTE JAAR NOG

Volgens ons twee atlete was hierdie jaar se kompetisie uitmergelend. Talle atlete bestempeel die 2012-Suid-Afrikaanse Ysterman as die moeilikste kompetisie tot dusver, en selfs om net die wenstreep te bereik, was 'n uitdaging. Atlete moes hoë deining, snerpemde wind en los reënbuie trotseer.

“Die eerste rondte van die swembeen het relatief goed verloop, maar teen die tyd dat ek die tweede rondte aangepak het, het die wind ernstig begin waai en het dit my amper twee keer so lank geneem om dieselfde afstand af te lê,” vertel Boeta.



Boeta mag maar: In sy voorbereiding vir die Ysterman het mnr Boeta Pretorius, Afdelingsbestuurder: Toepassing en Navorsingsondersteuning by Inligtingstechnologie-Sentraal in die Institusionele Kantoor, 8 500 km kafgedraf, -geswem en -fietsgery.

# van yster

Dawie beaam die swak weersomstandighede. "Die weer was die slegste in die agt jaar wat die Ysterman in Port Elizabeth gehou is. Die wind het in 'n stadium teen 60 km per uur gewaai en ek moes behoorlik klou om op my fiets te bly," sê hy.

Ten spyte van die moeilike weersomstandighede, het albei kollegas die krag en moed gehad om die kompetisie te voltooi. Boeta het met 'n tyd van 13:30 klaargemaak en Dawie se tyd was 12:20.

'n Mens wonder dan wat jou dryfkrag moet wees om so 'n enorme taak aan te pak. Albei kollegas sê dissipline, uithouvermoë en ondersteuning gee die deurslag.

## VOORBEREIDING

Volgens Boeta bestaan jou lewe vir ses tot agt maande voor die kompetisie uit oefen, oefen en nogmaals oefen. "As dit jou beskore is om saam met iemand te kan oefen, is dit definitief 'n pluspunt – dit help jou om gedissiplineerd en gemotiveerd te bly.

"'n Tipiese dag sal dikwels drie oefensessies insluit – 'n hardloepsessie in die oggend, 'n swemsessie oor middagete en dan weer 'n hardloop- of fietsrysessie in die aand. Naweke het 'n mens 'n bietjie meer tyd en oefen jy dus meer."

Dawie stem saam met Boeta en sê dat jy ten minste ses dae van die week moet oefen, en vir vyf van hierdie ses dae ten minste twee dissiplines per dag moet aanpak.

"Vir my is die fietsrydeel se voorbereiding die ergste, juis omdat dit die meeste tyd in beslag neem. Ek het probeer om vir vier tot vyf weke ten minste 120 km to 150 km per dag te ry," sê hy.

Dit is maklik om af te lei dat ure se sweet en trane in die voorbereiding vir die Ysterman ingaan.

Soos Boeta dan ook sê: " Ek het bereken dat ek in my voorbereiding vir die Ysterman ongeveer al vanaf Potchefstroom na Kaïro fiets gery het, van Potchefstroom na Kaapstad gehardloop het en vanaf Potchefstroom na Pretoria geswem het!"

## HOEKOM, HOEKOM, HOEKOM?

Die "gewone mense" kan nie help om die vraag te vra nie: Hoekom wil jy dit aan jouself doen?

Dawie sê dit is definitief 'n passie, en dat die Ysterman sekerlik op enige ernstige atleet se "emmerlys" is. "Op die ou einde kyk ek terug en is ek baie dankbaar dat ek die wedloop kon voltooi, al was dit die ergste wat ek nog beleef het. As ek dit weer doen, sal ek wel 'n paar aanpassings in my voorbereiding maak, maar

aan die omstandighede van die spesifieke dag kan mens niks verander nie.

"Ek geniet 'n aktiewe lewe en dit laat my fisies beter voel om aan wedlope soos dié deel te neem. Ek dink mens kan seker maar sê dit is my ding, my verslawing," sê Boeta.

"Hierdie keer was dit egter my laaste Ysterman, ek sal my voortaan eerder toespits op kortafstand-tweekampe."



*Dawie is dinamiet: Mnr Dawie Janse van Rensburg, 'n lektor in Wiskunde en Toegepaste Wiskunde op die Potchefstroomkampus, het ten minste 120 km per dag fietsgery in sy voorbereiding vir die Ysterman.*

# NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU het die afgelope tyd weer hul kundigheid by verskillende geleenthede met die gemeenskap gedeel – hetsy tydens toesprake of onderhoude met die media. In ons voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.

“ Suid-Afrika het naas Amerika en Brittanje die hoogste vetsugsyfer ter wêreld. Dit is noodsaaklik om kinders reeds op 'n jong ouderdom fisiek aktief te kry – nie net ter wille van gebalanseerde liggaamlike ontwikkeling nie, maar ook om bepaalde gesondheidsrisiko's te verklein. ”




**Prof Andries Monyeki, Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap, Potchefstroomkampus**  
Volksblad, 4 Mei 2012



“ Universiteite is reeds onder enorme druk om studente wat met die minimum vereistes vir universiteitsopleiding kwalifiseer, toe te laat. Baie van hulle het nie 'n kans om in te kom nie en het baie beter punte nodig vir sekere rigtings. Kollegestudente moet aan dieselfde vereistes as skoolverlaters voldoen om oorweeg te kan word. ”

**Dr Theuns Eloff, Visekanselier: NWU**  
Die Burger, 4 Mei 2012



“ Suid-Afrikaanse sokker moet mini-sokkerontwikkelingsentrums in skole tot stand bring om toekomstige sokkersterre te ontwikkel. Baie van die land se sleutelspelers is naby aan uittrede, en die jonger spelers moet gaandeweg touwys gemaak word. ”

**Mnr Ted Dumitru, tegniese konsultant vir die NWU se Sokkerinstituut, Mafikengkampus.**  
NEW AGE, 4 Junie 2012

“ Skole en ouers moet daarop fokus om spelers sielkundige slae op die sportveld te leer afweer.



Spelers moet leer wat hulle kan beheer en wat hulle nie kan beheer nie. Hulle het glad nie beheer oor skeidsregters se optredes nie. ”

**Dr Ankebe Kruger, Noordwes-Sportakademie, Potchefstroomkampus**  
Beeld, 11 April 2012

“ Mobiele opvoeding is die ideale oplossing vir die inherent digitale generasie, en dit sal toegang tot hoër onderrig drasies verhoog. Die land se 23 universiteite kan net soveel studente akkommodeer, maar selfone kan opvoeding na die mense toe vat – waar hulle ook al mag wees. Ons moet in die rigting van 'n multi-modus-onderrigbenadering beweeg. Ons kan selfone, iPads, video's en wat nog alles gebruik. As jy jou dit kan verbeel, is die tegnologie daar om jou te ondersteun. ”

**Prof Herman van der Merwe, Dekaan: Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie, Vaaldriehoekkampus**  
IOLscitech, 18 Mei 2012





# Nuwe leerstoel wil hartvatsiektes klop

*In die vorige uitgawe van Eish! het ons berig oor die drie nuwe navorsingsleerstoel wat die NWU gekry het. Nadat ons in besonder gekyk het na die Steenkoolnavorsingsleerstoel, kom die leerstoel bekend as Vroeë Opsporing en Voorkoming van Kardiovaskulêre Siekte in Afrika, nou aan die beurt. Dié leerstoel is ook deur die nasionale Departement Wetenskap en Tegnologie (DWT) toegeken.*

Hartvatsiektes trek soos 'n veldbrand deur Afrika, maar een van die nuwe navorsingsleerstoel op die Potchefstroomkampus gaan help om die toenemende gang van hierdie chroniese toestande te stuit.

Die navorsing wat in die leerstoel, bekend as Vroeë Opsporing en Voorkoming van Kardiovaskulêre Siekte in Afrika, gedoen gaan word, sal die eerste van sy soort in Afrika wees.

“Met ons langtermynprojek wil ons kyk watter jong mense geneig is om hartvatsiektes te kry – iets wat nog nie vantevore in Suid-Afrika gedoen is nie.”

So sê prof Alta Schutte, die direkteur van die navorsingsfokusarea, Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART) op die Potchefstroomkampus, waar die leerstoel gehuisves word.

*“Van al die siektetoestande waarvoor chroniese medikasie in Suid-Afrika gebruik word, is hipertensie die toestand wat die meeste behandel word. Vanweë die groot verlies aan lewenskwaliteit wat hiermee gepaard gaan, asook die groot ekonomiese las vir Suid-Afrika, maak dit sin om in die eerste plek eerder op die voorkoming van hipertensie te fokus.”*  
– Prof Alta Schutte.

## VERANDERINGE IN BLOEDVATE

Navorsers by die leerstoel gaan veral jong, gesonde mense oor 'n aantal jare opvolg. “Ons gaan baie sensitiewe navorsingsapparate gebruik om klein veranderinge in die bloedvate – onder meer in die oog – na te spoor,” sê prof Alta.

Die data sal ingesamel word vanaf die nuwe Hipertensie- Navorsings- en Opleidingskliniek wat op 6 September 2012 op die Potchefstroomkampus open.

“Die tipe inligting wat ons gaan insamel, is tans glad nie beskikbaar vir swart bevolkingsgroepe nie, en die ontsettende hoë voorkoms van hipertensie en beroerte in dié groepe dwing wetenskaplikes om dringend hieraan aandag te gee.”

## VOORKOM EERDER AS GENEES

Prof Alta sê die langtermyn doel van die navorsing is die voorkoming van hierdie siektes. “Omdat ons met die verloop van tyd die vroeë merkers of tekens vir die ontwikkeling van kardiovaskulêre siekte by mense sal kan identifiseer, glo ons die projek sal tot baie suksesvolle voorkomingsprogramme in die toekoms kan lei.”

Die leerstoel is vir vyf jaar toegeken, met die opsie van twee verdere vyfjaarsiklusse. Een van die grootste voordele wat die toekenning van die leerstoel inhou, is die befondsing van R12,5 miljoen per vyfjaarperiode.

## FONDSE VIR SPANWERK

Dié fondse gaan direk aangewend word om navorsingskapasiteit te verhoog, wat op sy beurt weer tot verhoogde navorsingsuitsette sal lei.

Van die fondse vir die leerstoel gaan gebruik word vir beurse vir studente wat ook by die navorsing betrokke is. Hulle is honneurs- en nagraadse studente wat aan die navorsingsprogramme vir Kardiovaskulêre Fisiologie deelneem.

Die navorsingsprofessor wat as leier van die leerstoel aangestel sal word, sal nou saamwerk



*Prof Alta Schutte is baie opgewonde oor die nuwe leerstoel, Vroeë Opsporing en Voorkoming van Kardiovaskulêre Siekte in Afrika. “Die moontlikhede van nuwe kennis wat hieruit ontgin kan word, is fenomenaal,” sê sy.*

met die akademiese personeellede van HART, asook die hoof van die hipertensiekliniek, suster Adele Burger, navorsingsassistente en nadoktorale genote.

Die personeellede van HART is prof Alta Schutte, prof Johannes van Rooyen, prof Hugo Huisman, prof Rudolph Schutte, prof Leoné Malan, prof Nico Malan, dr Carla Fourie, dr Carina Mels, dr Wayne Smith en mnr Ruan Kruger.



# Burokrasie by die NWU

*In hierdie uitgawe van Eish! fokus ons op die anti-burokrasie-projek wat die visekanselier, dr Theuns Eloff geleids het. Ons gesels met prof Marlene Verhoef, Uitvoerende Adviseur: Strategieë en Projekte in sy kantoor, wat saam met hom verantwoordelikheid neem vir die projek.*



## **V: Waar kom die idee van anti-burokratisering vandaan?**

**A:** Die visekanselier loop al lank met die gedagte dat ons na ons besigheidsprosesse moet kyk om seker te maak dat rompslomp nie ons effektiwiteit benadeel nie.

Hy is veral besorgd oor ons akademië wat al hoe meer druk ervaar om uitsette te lewer, terwyl onnodige papierwerk hulle tyd in beslag neem. Om burokrasie te bekamp, het ons die hele kwessie as doelwit in die NWU se Institusionele Plan vir 2012 tot 2014 ingesluit.

## **V: Is burokrasie nie maar onvermydelik nie?**

**A:** Dis waar dat komplekse instellings soos die NWU altyd 'n mate van burokrasie sal hê – ons het immers beleide, reëls en prosesse nodig om te funksioneer.

Die gevaar is dat dele daarvan uitgedien of oneffektief kan raak en dat dit op die ou end soveel frustrasie veroorsaak en tyd in beslag neem, dat dit teenproduktief is.

## **V: Hoe verloop die projek tot dusver?**

**A:** Ek en dr Eloff het reeds met bestuurders by die Institusionele Kantoor en op die drie kampusse gesels. Hieruit was dit duidelik dat daar wel 'n behoefte is om sekere besigheidsprosesse meer vaartbelyn te maak.

## **V: Waaroor het julle met die mense gesels?**

**A:** In die gesprekke met bestuurders by die Institusionele Kantoor wou ons weet watter kernprosesse daar in hul afdelings of departemente is, tot watter mate dit papierwerk en duplisering meebring en hoe dit verminder kan word, en hoe hulle hul eie afdelings as ideale, vaartbelynde diensverskaffers sou wou sien.

Uit hierdie gesprekke kon ons ses breë temas identifiseer.

## **V: Kan jy ons meer vertel van hierdie temas?**

**A:** Eerstens is daar eenstemmigheid dat strukture, reëls en prosedures wél nodig is om komplekse instellings soos die NWU te bestuur.

Tweedens het ons besef dat mense tog dink dat die manier waarop die NWU se bestuursmodel geïmplementeer word, ook tot die gevoel van 'n burokratiese omgewing kan bydra.

Derdens was dit duidelik dat daar 'n algemene gevoel is dat die Institusionele Kantoor, in die manier waarop hy sy strategiese en koördineringsrol vervul, ernstig moet wees oor professionele diensverskaffing.

Ons het ook gevind dat uitsonderings op die reël – byvoorbeeld in gevalle waar die stelsel vir eie gewin misbruik word – dikwels lei tot reëls en regulasies om vir die uitsonderings voorsiening te maak. Op sy beurt lei dit tot nog meer burokrasie.

In die vyfde plek het ons gesien dat die eksterne vereistes waaraan universiteite in Suid-Afrika – en ook elders in die wêreld – moet voldoen, byvoorbeeld departementele en wetlike voorskrifte, tot meer papierwerk by universiteite lei.

Laastens was dit duidelik dat personeel meen sommige van die NWU-stelsels is aan baie regulasies onderworpe en kan nie nuwe uitdaginge – soos 'n beter en moderner aanwending van inligtingstechnologie – hanteer nie.

Dié situasie lei tot nog meer frustrasie. Hierdie laaste tema het natuurlik ook die belangrike rol wat IT in anti-burokratisering speel, uitgewys.

## **V: Watter frustrasies beleef mense?**

**A:** In ons gesprek met akademiese bestuurders was dit vir ons duidelik dat akademië dikwels

met papierwerk oorlaai voel. Hulle sê baie van die prosesse by die NWU is ingewikkeld, byvoorbeeld die etiek-aansoekproses wat blykbaar tientalle bladsye se papierwerk behels.

Ook die prosesse rondom kortkursusse, nagraadse administrasie en die gebruik van vlootvoertuie word deur sommige mense as 'n beslommernis ervaar.

Ander noem weer die rondstuur van vorms met die interne pos, wat vinniger en betroubaarder elektronies hanteer kan word.

Daarby voel sommige van die dekane dat hul direkteure groter afhandelingsbevoegdheid moet kry, omdat hulle baie nader aan bedryfsprosesse staan en 'n beter oordeel sal kan uitspreek. Dit sal verhoed dat dekane vir detail-sake goedkeuring moet gee.

## **V: Wat wil ons op die ou end met hierdie projek bereik?**

**A:** Ons prosesse moet nog meer vaartbelyn wees. Hoewel dit nog vroeg in die projek is, lyk dit of dit in die praktyk gaan neerkom dat onnodige duplisering uitgeskakel word en dat dienste sover moontlik gedeel word.

Dit beteken ook dat besluitnemingsbevoegdheid so na as moontlik moet lê aan die plek waar dit bestuur gaan word. Ons wil seker maak dat akademië op hul kernbesigheid – onderrig-leer, navorsing en die implementering van hul kundigheid – moet kan konsentreer, sonder dat hulle deur rompslomp oorval word.

Ons wil ook hê die NWU se funksionele bestuursmodel moet so doeltreffend en doelmatig as moontlik geïmplementeer word.

## **V: Hoe verloop die projek nou verder?**

**A:** Ons onderhandel tans met 'n moontlike diensverskaffer om as konsultant op te tree sodat die projek teen die einde van die jaar afgehandel kan wees.

# DO IT!-werkswinkels laat mense saampraat oor transformasie

Is ons verantwoordelik vir mekaar se welstand?

Beslis, sê dr Ingrid Tufvesson, Uitvoerende Adviseur: Transformasie en Diversiteitsbestuur, wat 'n reeks DO IT!-werkswinkels vir 2012 beplan het.

Die akroniem DO IT! staan vir Dialoë vir Openlik Inklusiewe Transformasie, en die doel daaragter kan duidelik uit die naam afgelei word: om geleenthede te skep vir inklusiewe, oop dialoog oor transformasie-onderwerpe.

## OMSIEN NA BEHOEFTES

Dr Ingrid, wat op 1 Junie 2012 reeds 'n jaar in diens van die NWU was, sê sy het in 2011 'n paar dinge raakgesien wat haar oortuig het dat sulke werkswinkels nodig is om die NWU te "normaliseer".

"Ek het verlede jaar besef dat ons beleide nie genoeg voorsiening maak vir kwessies rondom seksualiteit, gestremdheid, en geslags- en rassediskriminasie nie, en dat sulke onderwerpe nie op 'n oop en inklusiewe manier bespreek word by die NWU nie."

'n Voorval van geslagsdiskriminasie wat dr Ingrid 'n tydjie gelede in Potchefstroom beleef het, het die behoefte aan dialoog nog verder beklemtoon.

"Ek het besef daar is 'n behoefte aan oop forums waar onderwerpe wat as kontroversieel beskou word, bespreek kan word en waar mense aangemoedig kan word om sensitief te wees oor die uitwerking en gevolge van hul dade," sê sy.

Hierdie waarnemings het aanleiding gegee tot die reeks werkswinkels oor transformasie.

## TWAALF WERKSWINKELS

Twaalf werkswinkels is vir 2012 in die vooruitsig gestel – vier vir elke kampus: oor seksualiteit, gestremdheid, transformatiewe leierskap en geslag.

Sommige van die werkswinkels het reeds plaasgevind. Die werkswinkel oor gestremdheid is in

April deur interne aanbieders op al drie kampusse aangebied. Die seksualiteitswerkswinkel is ook in April op die Potchefstroomkampus aangebied en sal in September op die ander twee kampusse gehou word.

Hierdie werkswinkels is oop vir die hele NWU-gemeenskap en is daarop gemik om gespreksvoering aan te moedig, mense meer bewus te maak van transformasie en diversiteit, en om by te dra tot die samestelling van die NWU se transformasie-en-diversiteitagenda.

## BESTUUR MOET BETROKKE WEES

"Hoewel ons streef na 'n onder-na-bo-benadering tot transformasie, is dit belangrik dat hierdie werkswinkels ook deur bestuurslede bygewoon moet word," sê dr Ingrid.

"Ons het hul betrokkenheid nodig – hulle moet duidelik sigbaar wees in hierdie proses, want kollegiale ondersteuning is baie belangrik vir die transformasie van die NWU."

By die werkswinkels praat twee of drie sprekers – hoofsaaklik NWU-kundiges – oor sekere onderwerpe, waarna die mense wat die werkswinkel bywoon, vraelyste invul. Hierdie vraelyste word dan in klein groepies bespreek, waar dialoog en deelname aangemoedig word.

"Ek wil graag hê die werkswinkels moet ons verbintenis tot transformasie sigbaar maak en bevorder," sê dr Ingrid.

"Alle inligting wat by die werkswinkels ingesamel word, sal vroeg volgende jaar aan die bestuur beskikbaar gestel word.

Die inligting sal ook gebruik word om onder meer te bepaal of ons beleide ondersteunend is of afbreuk doen aan die kwessies wat by die werkswinkels bespreek word," sê sy.



Dr Ingrid Tufvesson, Uitvoerende Adviseur: Transformasie en Diversiteitsbestuur, glo as mens nie 'n goeie begrip het van jou eie waarde nie, jy ook nie die waarde van ander mense kan verstaan en respekteer nie.

# En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



**Institusionele Kantoor:**

Mnr Stef van der Linde, data-her-siener, Alumni-kantoor.



**Mafikengkampus:**

Me Margaret Aphiri, beurs-beampte, Finansies.



**Potchefstroomkampus:**

Mnr Danie Stoop, Hoof: Elektroniese Dienste.



**Vaaldriehoekkampus:**

Me Nombulelo Gumede, administratiewe beampte, Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning.

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het! As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem:

# Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!

1.



Identifiseer die nabyskote deur te sê wat dit is en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.

2.



3.



4.



5.



6. Noem een eienskap van 'n goeie webwerf.
7. Wie is bekroon as NWU-mediawoordvoerder vir 2011?
8. Watter NWU-Comrades-atleet het die beste tyd behaal?
9. Wat is prof PA Botha se gunstelingdier?
10. Waarvoor staan HART (navorsingsfokusarea)?

**STUUR JOU ANTWOORDE AAN:**

**Pos:** Marelize Santana, Interne bussie 260.

**E-pos:** marelize.santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblakkie.

**Onthou:** Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys loslaan!

# Mense wat myle stap

*Die jaar maak al sy halwe draai, en soos die werkspas toeneem, is dit verblywend om te sien hoe baie van ons NWU-personeel steeds kans sien om meer te gee en te doen as wat van hulle verwag word. Ons gee graag weer erkenning aan al die NWU-kollegas wat die tweede myl stap.*

Me Annelishé van der Spoel, senior administratiewe assistent in die Internasionale Kantoor op die Potchefstroomkampus, neem graag haar kans waar om 'n hele klompie mense uit te sonder vir die uitstekende werk wat hulle doen. Sy spring weg deur vir **mnr Johan Schoeman, me Johanna Venter** en **me Martie van Zyl**, almal van die Departement Finansiële Administrasie in die Institusionele Kantoor, te nomineer. Annelishé bedank graag vir Johan, 'n bedryfstelselspesialis, vir die ekstra myle wat hy stap. "Hy is altyd vriendelik en gemoedelik en verleen altyd hulp as Oracle weer streke uithaal, al is hy hoe besig. Baie dankie, Johan, vir jou hulp en geduld," sê sy. "Johanna en Martie verdien pluimpies – wie kan nou die geleentheid om self skryfbehoeftes te gaan haal, laat verby gaan as sulke vriendelike mense jou van hulp kan wees?" voeg Annelishé by. "Baie dankie vir jul vriendelike en hulpvaardige diens."

Volgende aan die beurt in Annelishé se nominasie is **me Emmerentia Aucamp**, 'n stoorbestuurder en **me Marina du Plessis**, 'n administratiewe assistent by Inwoning en Voedseldienste op die Potchefstroomkampus. Hierdie twee dames skroom nie om enige iemand reeds vroeg-vroeg te hulp te snel nie. "Die stoom trek nog uit hulle koffiebekers, maar stap daar in, en daardie bekere is gou-gou vergete in hul ywer om jou te help – baie dankie, dames!"

Nog iemand wat uitstaan vir die uitstekende diens wat sy lewer, is **me Maud Chulu**, 'n lektor in die Departement Verpleegkunde op die Mafikengkampus. Volgens me Kgomo Direko, ook 'n lektor in dié departement, stap Maud altyd die tweede myl in kliniese en praktiese verplegingsaangeleenthede. "Haar passie is bewonderenswaardig en rus haar uitstekend toe om uitdagings in verpleegkunde aan te pak, maak nie saak of sy met studente, kollegas of enige iemand anders te doen het nie. Sy is voorwaar 'n aanwinst vir die departement," sê Kgomo.

Mnr Levi Mofokeng, 'n administratiewe beampte by Akademiese Administrasie op die Vaaldriehoekskampus, nomi-

neer graag vir **me Mapeete Mulumba**, verpleegsuster by die Kampuskliniek. "Sy is voorwaar 'n hardwerkende kollega en neem die welstand van personeel en studente werklik ter harte. Sy sal selfs deur haar middagetes werk en is altyd gewillig om te help, kom reën of sonskyn," sê Levi.

**Me Abigail Corns**, 'n administratiewe beampte by die Toelatingskantoor op die Mafikengkampus, is nog 'n kollega wat voorwaar meer gee en doen as wat van haar verwag word. So sê dr Nelda Mouton, bestuurder van die Toelatingskantoor op dié kampus. "Abigail is altyd bereid om studente te help en te ondersteun. Sy is baie presies in haar werk en doen altyd haar bes. Ek kan haar met 'n geruste hart aanbeveel, juis omdat sy so vriendelik, vaardig, bekwaam en lojaal is ten opsigte van die kantoor en die universiteit."

Mnr Harry Dasi, 'n beskermingsbeampte by Beskermingsdienste op die Potchefstroomkampus, wil graag aan die volgende twee kollegas die lof gee wat hulle toekom. **Mnr Francois van den Berg** van die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus is reeds in die vorige uitgawe van Eish! benoem, maar Harry wil graag beklemtoon dat Francois – as deel van nooddienste – werklik die tweede myl loop. "Francois geniet sy werk en sy reaksietyd is blitsvinnig!" sê Harry.

**Adv Thabo Pheto**, 'n regspraktisyn by Regsdienste in die Institusionele Kantoor, verdien volgens Harry ook 'n pluimpie. "Adv Thabo behandel altyd almal dieselfde, van die laagste tot die hoogste rang. Hy is altyd baie professioneel en weet hoe om werklik na iemand te luister. Hy het altyd tyd vir jou en weet hoe om jou beter te laat voel."

*As jy graag 'n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan [marelize.santana@nwu.ac.za](mailto:marelize.santana@nwu.ac.za). Onthou om jou en die persoon wat jy nomineer se postitel en departement of skool ook in die e-pos aan te dui.*

JOHAN SCHOEMAN



JOHANNA VENTER



MARTIE VAN ZYL



EMMERENTIA AUCAMP



MARINA DU PLESSIS



MAUD CHULU



THABO PHETO



FRANCOIS V D BERG



ABIGAIL CORNS



MAPEETE MULUMBA





## Prof Marlene groet

Prof Marlene Viljoen het pas, ná vyf jaar as dekaan van die Potchefstroomkampus se Fakulteit Gesondheidswetenskappe, afgetree.

Prof Mariëtte Lowes, Visirektor: Onderrig-Leer, sê prof Marlene sal veral vir haar akademiese leierskap en bestuursrol, haar professionele kundigheid, en haar persoonlikheid onthou word. "As leier en bestuurder het sy besondere visie en insig in die gesondheidsomgewing en wye ervaring op nasionale en internasionale vlak gehad. Sy het die besondere vaardigheid gehad om orde te skep, strukture daar te stel, en mense te bestuur en te inspireer.

"Marlene, ons gaan jou mis – maar ons gun jou 'n tydjie van afskaal en minder besig wees om so dan ook spesifieke aandag aan jou familie te kan skenk," sê prof Mariëtte. "Ons vertrou ook dat jy, wanneer tyd toelaat, wel betrokke sal bly by die fakulteit."

Prof Marlene word deur prof Awie Kotzé as dekaan van Gesondheidswetenskappe opgevolg. Prof Awie sê prof Marlene was 'n ware entrepreneur en het gehelp om 'n gestruktureerde navorsingsomgewing in die fakulteit te ontwikkel.

In 2008 was daar net twee navorsingsentiteite en vandag is daar ses, met 'n maonlike sewende een op pad in 2012.

"Haar besondere vermoë om personeel toe te laat om innoverend en kreatief te wees en haar kundigheid om relevante navorsingsrigtings en geleenthede te identifiseer, was direk hiervoor verantwoordelik," sê hy. "Die soliede basis wat sy in 'n kort tyd gelê het voorspel nog groot hoogtes wat in die toekoms bereik gaan word. Ons gaan haar visie en insig mis, maar ons wens haar net die allerbeste toe vir die toekoms."

# Personeel verwerf bestuurskwalifikasies

Die aanleer van nuwe vaardighede is sekerlik een van die beste beleggings wat mens kán maak. 'n Groep NWU-personeellede het onlangs erkenning gekry nadat hulle presies dit gedoen het.

Hierdie 49 personeellede het sertifikate ontvang tydens 'n seremonie wat op 28 Mei 2012 in die Institusionele Kantoor gehou is nadat hulle 'n bestuursontwikkelingsprogram wat deur die \*ETDP SETA-befonds is, voltooi het. "Ek wil graag die deelnemers gelukwens. Dit was beslis nie malik om hierdie kursus te voltooi bo en behalwe hul normale werkklading en persoonlike lewens nie," sê me Helen Mogorosi, Direkteur: Mensekapitaalontwikkeling.

Deelnemers moes lesings bywoon en daarna opdragte indien wat gebaseer is op dit wat hulle in die klaskamer geleer het. "Die feit dat hulle hul nuwe kennis in die praktyk kon toepas, het die kwalifikasie werklik die moeite werd en sinvol gemaak," sê Helen.

"Ek is seker die personeel wat die program bygewoon het, se bestuurders sal kennis neem van hul potensiaal en hul loopbaanaspirasies, en sal hul verdere ontwikkeling ondersteun."

\* Die Engelse afkorting ETDP staan vir Onderwys-, Opleidings- en Ontwikkelingspraktyke en SETA vir Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid.



Hierdie kollegas het elk 'n sertifikaat in bestuursontwikkeling ontvang. Agter, van links, is mnr Arno van Tonder, me Carine Basson, mnr Braam Klaasen en mnr Andrew Fouché (Institusionele Kantoor). In die middelste ry, van links, is dr Fazel Freeks, me Daleen Wessels, me Rika Huyser (Mafikengkampus) en me Hanli Myburgh. In die voorste ry, van links, is me Moira Muller, me Ronel Vorster, me Susan van der Westhuizen en me Marina Louw. Al die personeel is van die Potchefstroomkampus, behalwe waar anders vermeld.



Hierdie personeellede het seniorsertifikaat in bestuursontwikkeling ontvang. Hulle is, in die agterste ry, van links, me Riana Venter, me Lungile Ntsizwane (Mafikengkampus), mnr Tinus Steenkamp, mnr Johan Liebenberg, mnr Gerrie Benade, me Marelize de Lange en dr Esmarie Strydom (Vaaldriehoekskampus). In die voorste ry, van links, is mnr Lieb Venter, me Hester Moolman, me Mariana Strydom (Institusionele Kantoor) en me Retha Badenhorst. In die voorste ry, van links, is me Marlise Styger, me Elmarie du Preez, mnr Obed Legari (Mafikengkampus) en me Welmarie Steenkamp. Al die personeel is van die Potchefstroomkampus, behalwe waar anders vermeld.

# NWU-joernalis aangewys as topSPORTSKRYWER

Sanlam en die Media Development and Diversity Agency (MDDA) het mnr Bertie Jacobs van die Potchefstroomkampus aangewys as die sportskrywer van die jaar vir streeks- en gemeenskapskoerante landwyd.

Bertie, 'n kommunikasiebeampte in die Departement Bemaking en Kommunikasie, het sy studies by die NWU voltooi waarna hy as 'n rugbyskrywer by Suparugby aangesluit het.

Me Annemie Bester, 'n *Northwest Independent*-joernalis wat saam met Bertie klasgedraf het, sê: "Ek sou hom nooit geëien het as 'n rugbyliefhebber nie. Groot was ons verbasing toe hy salig begin saamgesels soos 'n goed deurwinterde sportskrywer – hy het datums, spelers en uitslae op die punte van sy vingers geken."

Toe Bertie in 2009 by die *Herald* as sportredakteur aangestel is, het 'n stroom stories oor sokker, netbal, hokkie, fietsry, vliegduiwe en veral mense

deur sy vingers gevloei. In 2011 het Bertie deel geword van die NWU-familie.

Een berig wat soos 'n paal bo water uitgestaan het, was sy roerende huldeblyk aan die oud-Springbok Dirk de Vos, kort nadat hy oorlede is. Dit sou ook uiteindelik hierdie berig wees wat die beoordelaars van Sanlam en MDDA oortuig het om Bertie as nasionale sportskrywer onder kleiner koerante te kroon. Altesaam vyf van sy beste werke is ingeskryf.

Wat is sy droomberoep? "My ideale beroep is om een vryskutstorie per maand te skryf. Ek wil glo dat ek op 'n manier my merk gemaak het, dat ek met my beriggewing 'n storie agterlaat waaraan mense my sal herken," sê hy.

*Sportskrywer van formaat: Bertie Jacobs se uitsonderlike skryftalent het hom die toekening as die sportskrywer van die jaar in die sak gebring.*

Foto: Annemie Bester



O wee, dié arme NWU-kollega is toegewoel in meters "red tape". Gelukkig vir hom is prof Marlene Verhoef, die Uitvoerende Adviseur: Strategieë en Projekte in die kantoor van die visekanselier, byderhand om hom van hierdie rompslomp te red. Lees gerus op p18 meer oor die anti-burokrasie-projek waarvoor prof Marlene saam met die visekanselier, dr Theuns Eloff, verantwoordelik is.



Prof Ewert Kleynhans, professor  
in die Skool vir Ekonomie op die  
Potchefstroomkampus, deel graag die  
volgende gunsteling-sêding met ons:

"Jare gelede, tydens my militêre diensplig, het my sersant, Sersant Paxton – nou 'n kolonel – altyd gesê:

# 'NIKS IS ONMOONTLIK AS JY DIT NIE ONMOONTLIK MAAK NIE.'

Dit het my altyd bygebly en gemotiveer. Wanneer dae moeilik is, mens moedeloos voel en voor groot uitdagings te staan kom, onthou ek die gesegde en weet ek ek moet net aanhou. Dit motiveer mens om uitdagings aan te pak en nie moed op te gee voor jy nog probeer het nie. As jy eers in die ding is, is dit net aanhouer wen."

*Het jy 'n gunsteling-gesegde of -aanhaling wat jou deur jou lewensreis bybly en vir jou spesiaal is of baie beteken? Deel dit asseblief met ons – ons gebruik dit graag in die volgende uitgawe van Eish!. Stuur asseblief die gesegde/aanhaling en oorsprong/outeur daarvan, jou kort motivering hoekom dit 'n impak op jou maak, asook jou naam, van, postitel en departement/skool aan [marelize.santana@nwu.ac.za](mailto:marelize.santana@nwu.ac.za).*



NORTH-WEST UNIVERSITY<sup>®</sup>  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT